UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2795

# DIE LEWE EN WERK VAN SYTZE WOPKES WIERDA IN NEDERLAND

# MET VERWYSING NA

# SY BETEKENIS VIR DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

deur

HERMANN MORITZ REX

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

31.10.1974

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PROMOTOR PROF. DR. P.G. NEL

MEDE-PROMOTOR (EMERITUS) PROF. DR. H.M. VAN DER WESTHUYSEN

DEPARTEMENT AFRIKAANSE EN NEDERLANDSE KULTUURGESKIEDENIS

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan die nagedagtenis van my ouers,
broers, suster en swaer:

John Bailie George Rex (1873-1932)
Johanna Cornelia Rex, geb. Steenkamp (1882-1948)
George Wellington Frederik Ernst Rex (1905-1961)
John Baily George Rex jr. (1909-1968)
Elsie Maria Jubber, geb. Rex (1916-1969)
Petrus Stephanus van Tonder (1900-1968)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOORWOORD

Die naam van Sytze Wierda het die eerste keer onder my aandag gekom toe ek as 'n B.A.-student in Nederlandse Kultuur= geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria saam met 'n aantal van my medestudente, in opdrag van prof. dr. M. Bokhorst, 'n opname moes maak van die Renaissance-stylkenmerke van die Ou Goewerments- of Staatsgebou aan die Pretoriase Kerkplein.

Tydens die besigtiging van die gebou het my oë vir die eerste keer geval op die hoeksteen van hierdie indrukwek= kende regeringsgebou uit die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Daar het ek gelees:

HOEKSTEEN
GELEGD DOOR
Z.H. EDELE DEN STAATSPRESIDENT
S.J.P. KRUGER
6 MEI 1889

J.J. KIRKNESS
AANNEMER

S.WIERDA
GOUV.ING.ARCHT

Op daardie dag is my belangstelling in die lewe en werk van Wierda gaande gemaak. Dit was egter eers vanaf 1949, tydens my M.A.-studietyd, dat ek my aandag werklik begin toespits het op die bydraes van Nederlanders en oud-Nederlanders soos Wierda en ander beeldende kunstenaars van Nederlandse afkoms tot die kultuurlewe in die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Steeds het ek ook in gedagte gehou dat Wierda se lewe en werk tewens gesien en beoordeel behoort te word teen die agtergrond en binne die raamwerk van die hernieude en op= lewende belangstelling van Nederlanders in die lotgevalle van hul Transvaalse stamgenote en hul besondere bydraes op verskillende lewensterreine in die Zuid-Afrikaansche Republiek in die laaste twee dekades van die vorige eeu.

Dié take wat ek myself na die verwerwing van die M.A.-graad gestel het, het ek in 1961 met die geldelike steun van my eggenote, broers, susters en die „Nederlands Studiefonds" verwesenlik, toe ek in die beperkte tyd tot my beskikking

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alles in my vermoë gedoen het om meer lig oor elke aspek van die lewe en werk van Wierda in sy geboorteland te bekom. Hieruit het onder meer uitgebreide briefwisseling vanuit die Republiek van Suid-Afrika ontstaan wat vir meer as 'n dekade voortgesit is.

Terug in Transvaal, het ek allereers probeer om met afstammelinge van Wierda in ons eie land in verbinding te kom. Uit kontakte wat op dié wyse verkry is, kon ek my gegewens verder aanvul. Onder meer is boukundige tekeninge en ander dokumente van Wierda, wat nie elders bewaar gebly het nie, by mev. J.W. van Hoogstraten in Johannesburg opge= spoor en noukeurig bestudeer.

Aanvanklik onder leiding van prof. dr. H.M. van der Westhuysen, na sy aftrede onder prof. dr. G. van Alphen, is die proefskrif onder die huidige promotor, prof. dr. P.G. Nel, voltooi. Hierdie wisseling van promotors het enersyds die voltooiing van die proefskrif vertraag, ookal omdat die insigte van genoemde studieleiers in sekere opsigte van mekaar verskil het. Andersyds het dit die uiteindelike inhoud en vorm= gewing ongetwyfeld ten goede gekom, 'n faktor wat uit menig= vuldige besprekings en vergelyking van insigte voortgevloei het.

Ook het dit daartoe gelei dat, volkome juis, 'n finale, af= rondende hoofstuk oor Wierda se werk en betekenis in en vir die Zuid-Afrikaansche Republiek aan die oorspronklike beplan= ning toegevoeg is om sodoende 'n beter afgeronde geheel te verkry en toekomstige navorsers 'n grondslag te verstrek waarop verder voortgebou kan word.

Hierdeur is terselfdertyd gevolg gegee aan een van die doelstellings van die skrywer, naamlik om die aandeel van Nederlanders en oud-Nederlanders in verband met die opbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek te bepaal, terwyl tewens die spesifiek Suid-Afrikaanse waarde van hierdie proefskrif deur genoemde afronding verhoog is.

Tydens my studieverblyf in Nederland het ek gewaardeerde hulp en bystand van 'n groot aantal persone en instansies ontvang. Om voor-die-hand-liggende redes kan nie almal se

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



name hier genoem word nie en moet daar volstaan word om elkeen van hulle, deur middel van die bronnelys, bronne=verwysings en toeligtende voetnote van harte te bedank vir die verstrekte gegewens en hulp. Dieselfde geld ook vir die hulp wat ek in die loop van die jare in Suid-Afrika ontvang het.

Ek wil egter 'n uitsondering maak met betrekking tot mev. Gerty Visser, wat ek in 1961 as mej. Holleman in Den Haag leer ken het, en haar bedank vir die onskatbare hulp wat sy destyds, en in die jare daarna, aan my verleen het. As bibliotekaresse van die „Koninklijk Instituut van Ingenieurs" het sy haar rusteloos beywer om namens my in aanraking te kom met 'n groot aantal persone en instansies in Nederland. Deur haar vriendelike bemiddeling het baie deure vir my in Nederland oopgegaan en sonder haar vriende=like en waardevolle hulp en bystand sou sekere aspekte van Wierda se lewe en werk in Nederland vir my 'n geslote boek gebly het. Uit die Republiek van Suid-Afrika groet ek haar en betuig ek haar nogmaals my opregte dank.

Hier te lande het ek in die loop van die jare gewaar=deerde hulp en bystand ontvang van kol. (dr.) Jan Ploeger, tans tydelike Staatshistorikus, wat jare gelede een van my gewaardeerde leermeesters in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria was. As 'n gebore Groninger het my gesprekke met hom my kennis en insig van Nederlandse toestande in die vorige eeu verryk. Vir sy vriendelike hulpvaardigheid in die loop van die jare wil ek hom hartlik bedank.

By die voltooiing van hierdie proefskrif en die verwe=senliking van een van my lewensideale wil ek my hartlike dank betuig teenoor prof. dr. G. van Alphen, tans woonagtig te Epe (Gld.), Nederland; prof. dr. H.M. van der Westhuysen, en prof. dr. P.G. Nel, wat gedurende korter of langer tyd=perke as aangewese promotors en/of mede-promotors opgetree het. Vanaf die keuse en goedkeuring van die proefskrif=onderwerp tot en met die inlewering van die afgeronde werkstuk het elkeen van die voorgenoemdes sy gewaardeerde bydrae gelewer tot die formulering van die onderwerp, die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gee van leiding by die vormgewing, die opskrifstelling en die uiteindelike voltooiing van die studie. My waardering vir die daadwerklike aandeel van die drie geagte hoogleraars in verband met hierdie onderwerpstudie, wens ek by hierdie geleentheid ten sterkste te beklemtoon.

Daar rus ook 'n aangename plig op my om met opregte dankbaarheid en diepe erkentlikheid melding te maak van gewaardeerde materiële bystand en morele steun wat gedurende my voor- en nagraadse studiejare aan my verleen is. Naas my ouers, broers en susters - waarvan sommige reeds oorlede is - wil ek graag melding maak van 'n aantal persone en instansies in my vaderland:

Wyle mev. (ds.) C.M. Prinsloo en wyle mev. (ds.) I.A. Steenekamp en die susters van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg; die S.A. Vrouefederasie (Rustenburg-tak) tydens die voorsitsterskap van mev. J.C. Jordaan; die Rustenburgse Onderwysfonds; die Kuratorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika; die Ziervogelfonds (Pretoria); Ons Eerste Volksbank (Pretoria), tydens die bestuurderskap van mnr. P.J. van B. Marais; die Kerkrade van die Nederduitsch Hervormde Gemeentes Rustenburg (wyle ds. J.J. Prinsloo Jsn. en ds. C.S. van H. Steenekamp) en Zuur=fontein (ds. J.H. van Staden); die „Nederlands Studiefonds" (Pretoria); wyle mnr. Roelf van der Westhuizen (amptenaar in diens van die M.K.T.V., Rustenburg); wyle mnr. Willie Andersen, sakeman en oud-burgemeester van Rustenburg; wyle mnr. Leonard de Villiers (Kraalkop, Fochville); wyle mnr. E.E.G. (Jack) Rex (Boschfontein, Rustenburg); mnr. P.J. (Piet) Gouws (Bekker Hoërskool, Magaliesburg); mev. J.C. (Tant Johanna) Steenkamp, geb. Willemse (Ons Tuis, Pretoria) en mnr. en mev. P.S. Janse van Rensburg (Sunnyside, Pretoria), agterkleinkinders van staatspresident en mev. W.C. Janse van Renseburg.

My hartlike dank ook aan my geagte vriende, mnr. en mev. I.J. Liebenberg, van Filma (Paul Krugerstraat, Pretoria) en hul personeel, vir die vakkundige versorging van die foto's wat in die proefskrif verskyn; aan mev. Hester Prinsloo, sekretaresse van die Administrateur van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, wat te midde van die vervulling van haar veeleisende huislike pligte tyd in= geruim en haar beste kragte gewy het aan die tik van hierdie proefskrif; aan die firma Zendubind (Retiefstraat, Pretoria-Wes) vir die bindwerk; aan mnre. Daan Minnaar en Lionel Bennet, vir hul vertaling van die samevatting van die proefskrif in Engels, en laastens aan mnr. A.B. van N. Herbst, die Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Raad van Finansies en die Raad vir die Argief en Museum van genoemde Kerk, vir tallose, hoogge= waardeerde tegemoetkomings met my studie en diverse vorms van steun. Mnr. Herbst was vanaf die einde van 1964 in die hoogste mate simpatiek teenoor my studie en daarom wil ek hier graag my waardering vir sy persoonlike belangstel= ling en aanmoediging boekstaaf.

Ten slotte. Baie dankie aan Martie, my eggenote, wat in 1961 my studiebesoek aan Nederland moontlik gemaak en my in die jare daarna aanhoudend gesteun en aangemoedig het, en my sodoende in staat gestel het om die grootste gedeelte van my vrye tyd aan die voorbereiding vir die doktorale eksamen en die voltooiing van hierdie proefskrif te wy. Voorts ook my dank aan ons drie kinders Marlene, Francois en Martie, vir hul simpatieke meelewing en gewaar= deerde bydraes tot die verwesenliking van een van ons gesin se ideale.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VERANTWOORDING

Waar die skrywer in die verlede kennis gemaak het met die administratiewe en skeppende werk van Sytze Wierda as „Gouvernements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken" van die Zuid-Afrikaansche Republiek maar in ons plaaslike argiefbewaarplekke en biblioteke min ge= gewens oor sy Nederlandse tydperk teengekom het, is die doel van hierdie studie om die lewe en werk van Wierda in Neder= land te beskrywe met gebruikmaking van primêre en sekondêre bronne wat in sy geboorteland en elders bewaar gebly het en geraadpleeg kon word. Daarbenewens het die skrywer hom ten doel gestel om na te gaan watter faktore en persone 'n rol gespeel het by Wierda se emigrasie na die Zuid-Afrikaansche Republiek en die gang van sake wat in 1887 tot sy aanstelling as „Gouvernements Ingenieur en Architect" gelei het.

Ten einde die band te lê tussen sy lewe en werk in Nederland, veral ten opsigte van sy vorming en opleiding tot argitek, sy werksaamhede as boukundige opsigter in diens van die aanleg van staatspoorweë en sy 13 jaar-lange arbeid as Hoof van Publieke Werke in die Zuid-Afrikaansche Republiek - 'n taak wat hy met onderskeiding verrig het en wat die kroon op sy lewenswerk geplaas het - is dit noodsaaklik geag om afsluitend te verwys na Wierda se betekenis as hoofamptenaar van die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot sy administratiewe en skeppende arbeid.

Agtereenvolgens word aandag gegee aan Wierda se afkoms en huislike omstandighede; sy jeug-, skool- en leerjare in die provinsies Friesland en Groningen; die belangrike plek wat Drachten en die gesin Kamp in sy lewe en werk ingeneem het; sy studie van die timmervak en argitektuur en sy werk as boukundige opsigter by die aanleg van staatspoorweë in die provinsies Overijssel, Noord- en Zuid-Holland. Hierdie tydperk het vanaf 1865 tot 1887 geduur.

Vervolgens word die aandag gevra vir sy deelname aan boukundige prysvrae waaruit, soos in die geval van die Amsterdamse Beursprysvraag van omstreeks 1880, sy vermoë om 'n doelmatige en stylvolle openbare gebou te ontwerp, aan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die lig gekom het. Voorts word 'n beskrywing gegee van sy skeppende werk as argitek wat gelei het tot die totstand=koming van 'n verskeidenheid van privaat- en openbare geboue, waaronder 'n sewetal kerkgeboue in Nederland en in die graaf=skap Bentheim.

Met gebruikmaking van die sg. Wierda-briewe en ander dokumente is daar met betrekking tot Wierda se Amsterdamse tydperk oòk aandag gegee aan die mens Wierda, sy verhouding tot sy naaste omgewing en sy persoonlike standpunt oor 'n verskeidenheid van sake. Op grond hiervan kon daar lig gewerp word op die gesin Wierda tydens hul Amsterdamse jare.

Antwoorde op vrae wat in die verlede by verskillende geleenthede gestel is aangaande die faktore en persone wat 'n rol in Wierda se emigrasie na die Zuid-Afrikaansche Republiek gespeel het, kan nou op grond van nuwe beskikbare bronne verstrek word. Dieselfde geld ten opsigte van die gang van sake in die Republiek wat Wierda se aanstelling as „Gouvernements Ingenieur en Architect" en sy koms na Pretoria voorafgegaan het. Ten slotte word verwys na Wierda se betekenis as administrateur, argitek en ingenieur vir die Zuid-Afrikaansche Republiek en die toenmalige Transvaalse boukuns.

By die aanvang van die navorsing oor die lewe en werk van Wierda in Nederland en sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek, het dit geblyk dat daar ten opsigte van sy werk in die Republiek 'n groot hoeveelheid boustowwe in die Transvaalse Staatsargiefbewaarplek in Pretoria geraad=pleeg kon word en dat daar selfs gegewens oor sy lewe en werk in sy geboorteland in die vorm van primêre bronne in dieselfde argiefbewaarplek bekombaar was.

Wanneer die stand van die historiese literatuur rondom die vraagstuk wat behandel word, historiografies aangedui moet word, blyk dit dat dié literatuur vir die tydperk tot omstreeks 1950 in werklikheid baie skraal is.

Wanneer die koerante en die owerheidspublikasies wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek gepubliseer is, nagegaan word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op soek na gegewens oor die lewe en werk van Sytze Wierda in die Republiek, dan blyk dit dat sy naam vir die eerste keer in „De Volksstem" van 24 Maart 1887 vermeld is. Daarop volg 'n aankondiging van 'n artikel deur hom oor „Spoorwegen in de Zuid-Afrikaansche Republiek". Dié bydrae het onder die naam van „S. Wierda W.z., Hoofdopzigter bij den aanleg van Spoor= wegen in Nederland" in „De Volksstem" van 24 en 28.3.1887 ver= skyn. Van toe af tot met die verskyning van die uitgawe van die „Pretoria Friend" van 9.7.1900, waaruit blyk dat Wierda as een van die hoofamptenare van die Republiek die stad Pretoria amptelik aan die Britse veroweraar oorgegee het, het daar verskillende persberigte verskyn waarin na sy persoon en werk as „Gouvernements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken" verwys is.

Daarna vind ons geen verdere vermelding van sy naam in plaaslike koerante nie, totdat sy afsterwe in die Hollands- en Engelstalige koerante van Desember 1911 aangekondig word. Terselfdertyd het kort daarna „in memoria" oor hom verskyn. In 1926 word ons in koerantadvertensies herinner aan die afsterwe van sy weduwee by een van haar dogters in een van die noordelike voorstede van Johannesburg.

Nadat Wierda se lewe en werk in Suid-Afrika feitlik vergete geraak het, het C. Plokhooy, redakteur van die „Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika", in die uitgawe van 25.7.1936 'n artikel oor Sytze Wierda gepubliseer onder die opskrif: „Iemand van wie alle Nederlanders behoren te weten", terwyl dieselfde skrywer in dieselfde tydskrif, wat op 14.10.1950 verskyn het, waarderend na Wierda verwys in 'n artikel onder die opskrif: „Behoudt ons Erfgoed".

Een van die weinige artikels wat in Afrikaans oor Wierda tot omstreeks 1950 verskyn het, was 'n bydrae in „Die Brand= wag" van Oktober 1921 onder die opskrif: „Die Warmbad van Waterberg". Daarin is na Wierda en sy Departement van Publieke Werke se ontwerp van sekere geboue verwys.

Terwyl die voorgewel van die Ou Goewerments- of Staatsgebou tesame met twee Transvaalse burgers met die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vierkleur en 'n roer op die buiteblad van J.F. van Oordt se omvangryke werk, „Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek" (± 1898/99), 'n waardige plek gekry het, het die skrywer op bl. 500 van genoemde boek verwys na die toespraak van staatspresident Kruger by geleentheid van die hoeksteenlegging van die Staatsgebou op 6 Mei 1889, waarin die Staatspresident met waardering melding gemaak het van „de wijze waarop het Departement van Publieke Werken onder leiding van hun chef, den waardigen heer Wierda" die werk verrig het.

Ofskoon daar reeds tydens die bestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek in gepubliseerde werke met waardering melding gemaak is van die openbare geboue en ander projekte, wat deur die Departement van Publieke Werke onder leiding van Wierda tot stand gebring is, is sy naam en dié van sy ondergeskikte amptenare verswyg. Dit was ook die geval in die jare daarna.

In 1937 het dr. P.J. van Winter in sy werk „Onder Krugers Hollanders" I sydelings na Wierda verwys. Eers in die vyftigerjare het daar 'n merkbare verandering begin intree toe prof. A.L. Meiring in „Pretoria (1855-1955)" in 'n insiggewende artikel: „Stadsbeplanning en Boukuns in Pretoria: 'n Terugblik" met waardering na die werk en be=tekenis van Sytze Wierda op die gebied van ons argitektuur verwys het. In dieselfde tydperk ontstaan daar ook meer belangstelling in die lewe en werk van Wierda in Suid-Afrika. Dit het begin met 'n artikel van die hand van die skrywer in Pretoriana (April 1954) oor „Sytze Wierda, ‚Gouvernements Ingenieur en Architect' en ‚Hoofd van Publieke Werken' van die Suid-Afrikaanse Republiek (1887-1900). Enkele besonder=hede oor sy Nederlandse Tydperk en Agtergrond (1839-1900)". Die belangstelling in die lewe en werk van Wierda het in die jongste tyd sterk toegeneem soos onder meer blyk in Vivian Allen: „Kruger's Pretoria" (1971), Doreen Greig: „A Guide to Architecture in South Africa" (1971), en J.J. Oberholster: „Die Historiese Monumente in Suid-Afrika" (1972).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In al hierdie werke, waarvan dié van Greig van besonder wetenskaplike waarde is en Oberholster se werk ook aandag aan Wierda se brûe en die Paardekraalmonument gee, word baie aandag aan die werk van Wierda en sy Departement van Publieke Werke gewy.

Ten opsigte van die historiese literatuur wat in Nederland oor Wierda verskyn het, kan vermeld word dat dit die skrywer by geleentheid van sy besoek aan Nederland in 1961 spoedig opgeval het dat Sytze Wierda in sy geboorteland feitlik 'n vergete figuur geword het. Dit is blykbaar toe te skrywe aan die feit dat hy in 1887, in sy laat veertigerjare, geëmigreer het en dat daar tydens sy lewe en werk in Nederland en ook daarna min deur en oor hom en sy werk in Nederlandse koerante, tydskrifte en boeke gepubliseer is.

Terwyl sy naam af en toe in Nederlandse tydskrifte verskyn het, was die berig wat G.A. Bosch in „De Bazuin" van 16.9.1887, kort na die vertrek van die Wierda-gesin na Transvaal, gepubliseer het, een van die weinige wat enkele feite oor Wierda se lewe en werk in Nederland bevat het. Eers na sy afsterwe in Kaapstad in Desember 1911 het daar vroeg in 1912 in „Hollandsch Zuid-Afrika" en in „De Ingenieur" kort „in memoria" verskyn. Daarna het die naam van Sytze Wierda feitlik uit die Nederlandse publikasies verdwyn. Eers vanaf 1961, toe daar deur en namens hierdie skrywer in Nederlandse koerante en tydskrifte navraag oor die lewe en werk van Wierda gedoen en terselfdertyd lewensketse oor hom gepubliseer is, het daar 'n mate van verandering in hierdie verband ingetree.

Die navorsing deur die skrywer oor die lewe en werk van Wierda in Nederland het tot gevolg gehad dat daar, met gebruikmaking van gegewens wat in primêre en sekondêre bronne in sy geboorteland en hier te lande opgespoor is, nuwe lig gewerp is op alle moontlike aspekte van sy lewe en werk voor sy koms na die Zuid-Afrikaansche Republiek en dat nou, vir die eerste keer 'n omvangryke en verantwoorde studie oor die lewe en werk van Wierda die lig gesien het. Ook is daar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die eerste keer besondere aandag gewy aan sy aanstelling as „Gouvernements Ingenieur en Architect" en sy emigrasie na die Zuid-Afrikaansche Republiek, en ook klem gelê op sy betekenis vir laasgenoemde Republiek teen die agtergrond van Wierda se lewe en werk in Nederland, die destydse strominge op die gebied van beeldende kuns in Europa, en die Transvaalse - Nederlandse betrekkinge.

Die inligting oor die lewe en werk van Wierda is in Nederland verkry deur persoonlike besoeke aan die „Rijks=archief" en die „Koninklijke Bibliotheek" in Den Haag; die „Rijksarchief" in Leeuwarden; die munisipale en staats=argiefbewaarplekke in Amsterdam; plaaslike argiefbewaarplekke van die dorpe en stede waar Wierda en die mense wat in noue verband met sy lewe en werk gestaan het, gelewe en gewerk het; die argiefbewaarplekke van 'n aantal kerkrade, en voorts aan 'n verskeidenheid van ander inrigtings in verskillende dorpe en stede in Nederland waar daar moontlik gegewens oor Wierda kon bewaar gebly het.

Behalwe inligting wat deur die skrywer self uit argief=stukke verkry is, het hy ook inligting deur middel van onder=houde en briefwisseling met argiefbeamptes en ander persone in Nederland en elders bekom.

Met die uitsondering van Winsum (Gr.), het die skrywer persoonlik elke plek in Nederland besoek wat in verband ge=staan het met die lewe en werk van Wierda in Nederland. Sodoende kon hy vir homself 'n duidelike beeld vorm van die ligging en voorkoms van Hemrik, Wijnjeterp, Appelscha, Drachten, Groningen, Hengelo, Enschedé, Alkmaar, die Zaanstreek, Amsterdam en die ander plekke wat 'n rol in sy lewe en werk gespeel het. Ook het hy die merendeel geboue wat deur Wierda ontwerp is en ander wat onder sy toesig opgerig is, besigtig. Veral aan die Wierda-kerkgeboue te Tilburg, 's-Hertogenbosch, Nieuwendijk, Baarn, Zaandam en Hijum het die skrywer besondere aandag bestee.

Ook het die skrywer pogings aangewend om met nakomelinge van die Wierda-familie in aanraking te kom om by hulle navraag te doen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voor, tydens en jare lank na die skrywer se besoek aan Nederland, het hy met 'n groot aantal persone en instan= sies korrespondensie gevoer met die oog op die verkryging van aanvullende en ontbrekende inligting.

Fotostatiese afdrukke van dokumente in die verskillende argiefbewaarplekke is algaande deur die skrywer aangevra en ontvang, terwyl fotomateriaal tydens sy besoek aan Nederland en na sy terugkeer in Pretoria ook in sy besit gekom het.

Naas sy navorsing in die Transvaalse Staatsargief= bewaarplek, het die skrywer daarin geslaag om 'n groot aantal argitekstekeninge en ander boustowwe, wat op Wierda se Nederlandse tydperk betrekking gehad het, by nakomelinge van Wierda in Suid-Afrika op te spoor en daarvan gebruik te maak.

Ten spyte van pogings wat aangewend is, kon sekere inligting oor Wierda se lewe en werk in Nederland nie opgespoor word nie. Dit geld nie net Wierda se werk by die aanleg van staatspoorweë nie, maar ook vir ander aspekte van sy lewe en werk.

Hierdie navorsing het aan die lig gebring dat Wierda se aandeel in die administratiewe, argitektoniese en tegniese opbou van die Transvaalse Departement van Publieke Werke, beslis groter is as wat skrywers en navorsers tot nou toe vermoed het. Dít, saam met nuwe feite oor sy Nederlandse agtergrond, het gelei tot die daarstelling van 'n nuwe en duideliker omlynde beeld van 'n eertydse Transvaalse hoof= amptenaar wie se besondere verdienste tot onlangs nog nie na waarde geskat kon word nie as gevolg van ontoereikende wetenskaplike ondersoek aangaande sy lewe, werk en kultuur= historiese betekenis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| R.A.(D.H.) | = Algemeen Rijksarchief, 2e Afd., 's-Gravenhage. |
| R.A.(F.) | = Rijksarchief in Friesland, Leeuwarden. |
| G.A.(ALK.) | = Gemeentelijke Archief van Alkmaar, Alkmaar. |
| G.A.(AMST.) | = Gemeentelike Archief van Amsterdam, Amsterdam. |
| G.A.(ENS.) | = Gemeentelijke Archief van Enschedé, Enschedé. |
| G.A.(GR.) | = Gemeentelijke Archief van Groningen, Groningen. |
| G.A.(OPS.) | = Gemeentelijke Archief van Opsterland, Beetsterzwaag. |
| G.A.(O/S.) | = Gemeentelijke Archief van Oost-Stellingwerf, Oosterwolde. |
| G.A.(SMA.) | = Gemeentelijke Archief van Smallingerland, Drachten. |
| K.A.(Ger.AMST.) | = Archief van de Christelijk Gereformeerde Gemeente te Amsterdam. |
| K.A.(Ger.B.) | = Archief van de Gereformeerde Gemeente te Baarn. |
| K.A.(Ger.D.) | = Archief van de Christelijke Afgescheiden Kerk te Drachten. |
| K.A.(Ger.N.) | = Archief van de Gereformeerde Kerk te Nieuwendijk. |
| K.A.(Ger.T.) | = Archief van de Gereformeerde Kerk te Tilburg. |
| K.A.(Ger.Z.) | = Archief van de Gereformeerde Kerk te Zaandam. |
| K.A.(Ned.Herv.L.T.H.) | = Archief van de Nederduitsch Hervormde Gemeenten Lippenhuizen, Terwispel en Hemrik, Lippenhuizen. |
| K.A. (Ned. Herv.W.D.) | = Archief van de Nederduitsch Hervormde Gemeenten Wijnjeterp en Duurswoude, Wijnjeterp. |
| K.A.(Ned.Herv.Pta.) | = Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria. |
| T.A.B. | = Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria. |
| B.A. | = Bevolkingsadministratie. |
| B.S. | = Burgerlijke Stand. |
| O.B.S. | = Oude Burgerlijke Stand. |
| S.S. | = Staatsekretaris. |
| E.V.R. | = Eerste Volksraad. |
| S.S.,BB | = Staatsekretaris, Brieweboek. |
| U.R. | = Uitvoerende Raad. |
| URB. | = Uitvoerende Raadsbesluit. |
| P.W. | = Publieke Werke. |
| T.G. | = Tesourier-generaal. |
| s.d. | = sonder datum. |
| s.p. | = sonder plek. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ILLUSTRASIES

Teenoor bladsy

11 Kaart van Opsterland (Schotanus, 1664) met gedeeltes van omliggende „grietenijen" in die tweede helfte van die 17e eeu.

14 Die omgewing van Hemrik en Wijnjeterp omstreeks 1840, volgens die Eekhoff-kaart van Opsterland, nageteken deur dr. Spahr van der Hoek, Beetsterzwaag.

29 Die Nederduitsch Hervormde kerkgeboue te Hemrik (bo) en Wijnjeterp (onder).

55 Ontwerp van 'n trap deur Wierda.

56 Twee voorbeelde van tekenwerk deur Wierda, die een van 'n gebou in 'n park, en die ander een 'n landskap wat hy in 'n later stadium van sy lewe op briewe geteken het.

78 Kaart van Noorder- en Zuider-Drachten (1848) (bo) en 'n tekening deur Jan Planting, „de Drachtster schilder en teekenaar van karakteristieke hoekjes", van die skeeps= helling van die Van der Werff's aan die Noorderdwars= vaart, gesien vanuit die weste of agterkant.

88 Stadsargitek Duursma, leermeester van Sytze Wierda (bo) en 'n straattoneel in Drachten, in die tweede helfte van die 19de eeu, met die „gemeentehuis" in die middel van die foto (onder).

99 Spoorwegkaart van Nederland waarop die vordering met die spoorwegbou teen die einde van 1865, toe Wierda op Hengelo-stasie werksaam was, aangetoon word. Op daardie stadium sou die spooraanleg tussen Hengelo en Glanerbeek via Enschedé aan die beurt kom (middel, regs op die foto), terwyl die spoorlyn tussen Alkmaar en Amsterdam, via die Zaanstreek (Zaandam) op daardie tyd= stip ook aan die beurt sou kom (links op die foto, skuins teenoor Hengelo).

109 'n Voorstelling van die aard van die „slappe" terrein in die Zaanstreek (bo) waarlangs die spoorlyn gelê en die spoorwegwerke- en geboue onder die opsigterskap van Wierda tot stand gekom het. Die voorgewel, lengte= deursnede en plattegrond van die spoorwegstasie op Zaandam, ontwerp deur A.L. van Gendt, en opgerig onder die boukundige opsigterskap van Wierda (onder). Die res van die stasiegeboue in die Zaanstreek was identies aan dié een van Zaandam, ofskoon kleiner in omvang en minder versier.

114 Die rigting van die spoorlyn van Alkmaar na Amsterdam via die Zaanstreek, oor die Noordseekanaal en deur die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



munisipaliteit van Sloten (bo) en die enigste bewaarde ontwerp van 'n spoorwegstasie (voorgewel en platte= grond), wat in 1877 deur S. Wierda in sy hoedanigheid as „De Hoofdopzichter" ontwerp is (onder).

117 'n Tekening (bo) wat betrekking gehad het op die be= proewing van die Hembrug oor die Noordseekanaal (1876) en wat as leidraad aan hoofopsigter Wierda, wat betrokke was by die brugbeproewing, ter hand gestel is. Die bekende Hembrug oor die Noordseekanaal (onder).

127 Die „Centraal Personenstation", Amsterdam. Die tekening wat deur Cuypers en Van Gendt in 1882 vrygestel is, toon die indrukwekkende voorgewel van die reuse bouwerk waaraan Wierda jare lank sy beste kragte as hoofopsigter by die oprigting gewy het.

143 Sytze Wierda, „Hoofdopzichter" by die aanleg van die staatspoorweg in Amsterdam, in die kenmerkende klere= drag van hoofopsigter.

163 „Façade eener villa", 1865 (bo) en 'n ontwerp vir „Teylers Stichting", „façade aan het Spaarne", 1878 (onder), twee voorbeelde van prysvraagontwerpe deur Wierda.

174 Ontwerp vir 'n Rotterdamse Hervormde kerkgebou: plattegrond (bo) en vooraansig (onder).

187 Wierda se voorstel vir 'n nuwe Amsterdamse beursterrein, 1880, as onderdeel van sy Plan No. 2 (vooraansig en plattegrond van 'n sketsontwerp vir 'n Beursgebou).

189 Die plattegrond van Wierda se ontwerp vir 'n Amsterdamse Beursgebou, Plan Nr. 1 (bo) en die vooraansig van die= selfde gebou (onder).

191 Die plattegrond (bo) en die vooraansig (onder) met sy merkwaardige ooreenkoms met die „Staatsgebouw", wat Wierda in 1887/88 in Pretoria ontwerp het. Hierdie sketsontwerpe het deel uitgemaak van sy Beursplan Nr. 2 (1880).

208 Ontwerp vir „een dubbel huis met kantoor", Amsterdam, vir J.G. Hamel (bo), en 'n foto van Amstelveld waarop dieselfde hoekhuis, wat deur Wierda ontwerp is, voor= kom (onder).

210 Die „Jongeheeren Instituut Eikenhorst", agterkant, te Baarn (bo), en die agtkantige onderwyserswoning in Teding van Berkhoutstraat, Baarn (onder).

211 Die „Christelijke Schoolgebouw" en hoek van onderwy= serswoning, sykant, te Drachten (bo), met die vooraansig

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van dieselfde onderwyserswoning aan die agterkant van die „Christelijke Schoolgebouw" (onder).

213 Die „circulair kachel" wat deur Wierda ontwerp en in skoolgeboue geïnstalleer is.

233 Kerkgebou in Stationstraat, Zaandam.

249 Kerkgebou, lengtedeursnede, Hijum (bo), en kerkgebou, sy-aansig, lengtedeursnede en dwarsdeursnede, Emlichheim (onder).

251 Kerkgebou, Nieuwendijk (bo), en kerkgebou, vooraansig en plattegrond, 's-Hertogenbosch (onder).

254 Kerkgebou, Baarn.

236 Kerkgebou, interieur, Zaandam (bo), en kerkgebou, plattegrond, Baarn (onder).

295. Harmke Wierda-Kamp, tydens haar Amsterdamse jare.

301. 'n Brief wat Pietertje Roels de Vries, die moeder van Wierda, op 24.5.1876 (en nie in 1867 nie soos die datum wat aangegee is) aan haar kinders geskrywe het, ver= moedelik die enigste brief van haar wat bewaar gebly het.

319 Die „Driemanschap", S.J.P. Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert, aan wie Wierda in Junie 1882 sy aansoek om 'n betrekking in die Z.A.R. gerig het.

332 H.T. Bührmann, wat 'n belangrike aandeel gehad het in Wierda se koms na die Zuid-Afrikaansche Republiek.

343 Sytze Wierda, in die jaar van sy indienstreding as „Gouvernements Ingenieur en Architect".

361 Die Minnaar/Bronkhorstbrug oor die Apiesrivier (bo) en die houtbrug oor die Pienaarsrivier (onder).

363 Die Eerste Ou Goewermentsgebou en tronk (vanuit die toring van die Hervormde kerkgebou op Kerkplein ge= fotografeer), waarin Wierda aanvanklik sy kantoor as „G.I. & A." gehad het (bo) en 'n lugfoto van die „Staatsgebouw" geneem in die rigting van Kerkplein (onder). Die twee geboue is albei op dieselfde erf, omsluit deur Kerkplein, Markt- en Pretoriusstrate.

373 Personeel van die „Departement van Publieke Werken" (bo), en later in die tweede helfte van die negentigerjare (onder).

391 Die „Leeuwbrug" (Arcadiabrug) oor die Apiesrivier in Kerkstraat-Oos, Pretoria, op dieselfde plek waar tot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die tagtigerjare die Leeuwdrift in gebruik was (bo) en die Wierdabrug oor Sesmylspruit (links op die onderste foto) op die destydse transportpad tussen Pretoria en die Witwatersrand.

396 Die Begin-der-Lijnbrug (bo) en die Standerton- of Krugersbrug oor die Vaalrivier (onder).

403 Die „Landdrost- en Postkantoorgebouw", Rustenburg (bo), 'n voorbeeld van die regeringsgeboue wat in die negentigerjare op die Transvaalse platteland opgerig is, en die stylvolle Klerksdorpse „Gouvernementsgebouw" (onder), wat 'n tyd gelede gesloop is.

420 Die Paleis van Justisie, voorgewel teenoor Kerkplein en oostelike sygewel (Marktstraat) en sy agterkant aan Vermeulenstraat, voor die latere aanbouings (onder).

423 Die Eerste Ou Goewermentsgebou, 1883, wat in 1888 gesloop is om plek te maak vir die „Staatsgebouw" op dieselfde terrein.

428 Die „Staatsgebouw", wat in 1887/88 deur Wierda, G.I. & A., ontwerp is, en waarvan die tekenwerk waarskynlik gedeeltelik deur Klaas van Rijsse jr., wat bekend gestaan het as 'n goeie tekenaar, gedoen is. Hierdie gebou het aan Wierda as argitek 'n besondere plek in die argitektuurgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek en ook van Suid-Afrika verseker.

433 Klipstapel, Paardekraal, 1880/81, volgens 'n tekening deur dr. W.J. Leyds op 17.12.1886 (bo), en die reuse byeenkoms tydens die onthulling van die Paardekraal=monument in Desember 1891.

434 Ontwerptekening van die Paardekraalmonument deur S. Wierda (bo), en 'n kaart waarop die ligging van Wierdapark, in die omgewing van Voortrekkerhoogte en op die grootpad tussen Pretoria en Johannesburg/Krugersdorp, aangetoon word.

437 Sytze Wierda, „Hoofd van Publieke Werken", 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUD

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| VOORWOORD | | i |
| VERANTWOORDING | | vi |
| AFKORTINGS | | xiii |
| ILLUSTRASIES | | xiv |
| HOOFSTUK I | WOPKE SJERPS WIERDA EN SY GESIN IN HEMRIK EN WIJNJETERP (FRIESLAND) TOT OMSTREEKS 1860 | 1-43 |
| | 1. Die afkoms van Sytze Wopkes Wierda | 1 |
| | i. Afkoms aan vaderskant | 1 |
| | ii. Afkoms aan moederskant | 5 |
| | 2. Wopke Sjerps Wierda as gesinshoof in Hemrik en Wijnjeterp | 6 |
| | i. Die broers en susters van Wopke Wierda | 6 |
| | ii. Die jeugjare | 6 |
| | iii. Die huwelik van Wopke Wierda en Pietertje de Vries | 7 |
| | iv. Die vestiging en verblyf van die Wierdagesin in Hemrik | 8 |
| | v. Hemrik en Wijnjeterp in die tyd van die Wierdas (1830-1860) | 10 |
| | vi. Die beroep en lewensomstandighede van Wopke Wierda | 15 |
| | vii. Die verhuising van die Wierda-gesin na Wijnjeterp | 19 |
| | 3. Die gesin van Wopke en Pietertje Wierda | 20 |
| | 4. Die kerkverband van die Wierda-gesin tydens hul verblyf in Hemrik en Wijnjeterp | 25 |
| | 5. Bronneverwysings en toeligtende voetnote | 32 |
| HOOFSTUK II | DIE JEUG-, SKOOL- EN LEERJARE VAN SYTZE WIERDA | 44-73 |
| | 1. Die jeug- en skooljare van Sytze Wierda in Hemrik en Wijnjeterp | 44 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

i. Die geboortehuis en jeugwonings van Sytze Wierda 44
ii. Die skooljare van Sytze Wierda 45
iii. „Onderwijzers der jeugd" in Hemrik en Wijnjeterp in die tyd van die Wierdas 46
iv. Skoolgeboue van Hemrik en Wijnjeterp 48
v. Die skoolloopbaan van Sytze Wierda binne die raamwerk van die des=tydse onderwystoestande in Nederland 49
vi. Die posisie en status van die plattelandse onderwyser 56
vii. Benutting van die Opsterlandse skoolonderrig deur Sytze Wierda 57

2. VAN „KRULLENJONGEN" TOT VOLWAARDIGE TIMMERMAN, 1851/52-1862 59

i. „Krullenjongen" in Wijnjeterp en elders 60
ii. Sytze Wierda in Appelscha 61
iii. Terug in Wijnjeterp 63
iv. Kortstondige verblyf in Groningen 63
v. Die „volksindustrieschool" van Groningen 66
vi. Verblyf in Winsum 67
vii. Weer 'n keer terug in Wijnjeterp 68

3. Bronneverwysings en toeligtende voet=note 69

HOOFSTUK III DIE DRACHTSTER TYDPERK IN DIE LEWE EN WERK VAN SYTZE WIERDA, 1862-1865 74-95

i. Die betekenis van Drachten in die lewe van Sytze Wierda 74
ii. Drachten in die sestigerjare van die vorige eeu 75
iii. Die ekonomiese toestand van Drachten in 1864, toe Sytze Wierda en sy gesin in dié dorp gewoon het 77
iv. Die kennismaking en huwelik met Harmke Tjibbeles Kamp 78
v. Verandering in die kerkverband van Sytze Wierda 81
vi. Die werkgewers van Sytze Wierda in Drachten 84
vii. Die verblyf van die Wierda-gesin in Drachten, 1862-1865 86
viii. Onderrig in die boukunde aan die tekenskool van Drachten 88
ix. Die tekenskool van Drachten 89

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

x. Onderrig in die argitektuur en aanverwante vakke deur argitek Duursma 90
xi. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 92

HOOFSTUK IV WERKSAAM BY DIE AANLEG VAN STAAT=SPOORWEË, 1865-1887 96-160

1. Opsigter of tekenaar in diens van 'n spoorwegaannemer, 1865-1866 96

i. Die verhuising van Sytze Wierda en sy gesin na die provinsie Overijssel 96
ii. Werkgeleenthede by die spoor=wegaanleg van staatsweë 97
iii. Sytze Wierda op Hengelo in diens van een van die aannemers van Bestek Nr. 187, 1865/66 100

2. Opsigter by die aanleg van die staat=spoorweg in die provinsie Overijssel, 1866-1867 101

i. Sytze Wierda tree in diens by die aanleg van staatspoorweë 101
ii. Die verblyf van die Wierda-gesin in die provinsie Overijssel, 1865-1867 104

3. Opsigter by die aanleg van staat=spoorweë in die Zaanstreek, 1867-1870 105

i. Die totstandkoming van die spoorlyn tot in die Zaanstreek, 1867-1870 105
ii. Sytze Wierda as „buitengewoon opzichter" by die oprigting van stasiegeboue in die Zaan=streek, 1867 106
iii. Sytze Wierda bevorder tot „Opzichter 2e klasse", 1867 111
iv. Die spoorwegwerke by Zaandam voltooi onder die opsigterskap van Sytze Wierda, 1867-1869 111
v. Die voltooiing van die spoor=wegwerke tussen die Noorder-IJdyk en die Voorzaan 113

4. Opsigter by die aanleg van die staat=spoorweg in die provinsie Zuid-Holland, 1870-1887 115

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

i. Jarelange voorbereidende werk= saamhede afgehandel 115
ii. Die verhuising van die Wierda-gesin na Amsterdam en die bevordering van Sytze Wierda tot „opzichter der 1ste klasse", 1870 116
iii. Die totstandkoming van die lyn Zaandam-Amsterdam, 1869-1878, en die spoorwegbrug oor die Noord= zeekanaal, 1870-1877 117
iv. Die bevordering van Sytze Wierda tot „hoofdopzichter" by die aanleg van staatspoorweë in Amsterdam 119
v. Die totstandkoming van bykomende spoorwegwerke in en in die on= middellike omgewing van Amsterdam, 1870-1887 122

5. Opsigter en hoofopsigter tydens die totstandkoming van die „Centraal Per= sonenstation" in Amsterdam 124

i. Enkele grepe uit die bougeskiede= nis van die „Centraal Personen= station" in die „Openhavenfront" van Amsterdam 125
ii. Berekenings deur Sytze Wierda, 1875 127
iii. Die aandeel van Sytze Wierda in die bougeskiedenis van die „Centraal Station" en die beteke= nis daarvan vir sy lewe en werk 129

6. Die opsigterskap van Sytze Wierda by die aanleg van staatspoorweë, 1866-1887 137

7. Bronneverwysings en toeligtende voet= note 149

HOOFSTUK V DEELNEMER AAN BOUKUNDIGE PRYSVRAE 161-206

1. Boukundige prysvrae van diverse aard 161

i. Die uitskrywe van boukundige prysvrae 161
ii. Prysvrae van diverse aard 163
iii. Ontwerp in 'n prysvraag vir „Een Buiten-Societeit", 1869 164
iv. Prysvraag vir „Eene Bibliotheek", 1871 166
v. Verdere prysvrae 167

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

2. Die prysvraag vir 'n ontwerp van 'n kerkgebou vir die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rotterdam, 1867 — 168

i. Voorbereidende stappe tot kerk=bou in Rotterdam — 168
ii. 'n Ontwerp deur Sytze Wierda — 172
iii. Bevindinge van die „Commissie van Beoordelaars" — 176

3. Die Amsterdamse Beursontwerp van 1879-1880 — 178

i. Die aanloop tot die Beursontwerp — 178
ii. Die insending van 'n beursontwerp op 'n voorgestelde beursterrein deur Sytze Wierda — 186

4. Bronneverwysings en toeligtende voetnote — 199

HOOFSTUK VI ONTWERPER VAN WOONHUISE EN SKOOLGEBOUE — 207-230

1. Ontwerpe van woonhuise en woonhuis=verbouings — 207

i. Veranderings aan stalgeboue in Pieter Pauwstraat, Amsterdam — 207
ii. Ontwerp vir 'n villa, Baarn — 207
iii. Ontwerp vir „een dubbel huis met kantoor", Amsterdam — 208
iv. Ontwerpe vir diverse verbouings en woonhuise — 209
v. Die „Jongeheeren Instituut Eiken=horst", Baarn — 209

2. Ontwerper van skoolgeboue en onder=wyserswonings — 210

i. Die ontwerp van 'n „Christelijke Schoolgebouw" en onderwyserswo-ning, Drachten — 210
a. Die installering van 'n „circulair kachel" in die „Christelijke Schoolgebouw" — 212
b. Sytze Wierda as uitvinder — 213
ii. Die verbouing tot skoolgebou van 'n gedeelte van die Plantage-kerkgebou van die Christelijke Gereformeerde Gemeente te Amsterdam — 215
a. Die plasing van die orrel in die verboude Plantage-kerkgebou — 219

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

iii. Die ontwerp van 'n skoolgebou en onderwyserswoning vir die „School met den Bijbel", Baarn 220
a. Vergroting van die skoolgebou in Laanstraat 224
b. Verdere verbouings en aanbouings 224
iv. Die onderwyserswoning in Teding van Berkhoutstraat 2, Baarn 224

3. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 225

HOOFSTUK VII ONTWERPER VAN KERKGEBOUE VIR DIE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE KERK 231-292

1. Die ontwerp van 'n kerkgebou en kosterswoning vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam, 1873 231

i. Die voorsiening van vergaderlokale vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Zaandam, 1836-1873 232
ii. Die oprigting van 'n nuwe kerkgebou 234
iii. Uitnodiging aan die argitekte Van der Koogh, Dekker, Wierda en Van Wijngaarden 235
iv. Beoordeling van die ontwerpe 235
v. Verdere aandag aan die boufonds 239
vi. Die aanbesteding, 1.4.1874 239
vii. Die bou-aktiwiteite 240
viii. Die inwyding 241
ix. Groei van die gemeente 243

2. Die ontwerp van 'n „Evangelisatiegebouw" in Tilburg vir die Klassis Genderen van die Christelijk Gereformeerde Kerk, 1874 244

3. Die ontwerp van 'n kerkgebou vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Hijum, 1876 249

4. Die ontwerp van 'n kerkgebou en pastorie vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Almkerk-Nieuwendijk, 1877 250

i. Agtergrond en bougeskiedenis 250
ii. Die pastorie en konsistorie 252
iii. Vergroting van die kerkgebou 253

5. Die ontwerp van 'n kerkgebou vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente Baarn, 1880 253

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

i. Die ontstaan van 'n nuwe gemeente 253
ii. Die bou van 'n pastorie 254
iii. Die koms van ds. A.H. Gezelle Meerburg na Baarn 255
iv. Die ou „kerkgebouwtje" 256
v. Die oprigting van 'n nuwe kerk=gebou 257
vi. Die bouterrein vir die kerkgebou 257
vii. Versoek aan Sytze Wierda om ontwerp vir die nuwe kerkgebou te maak 258
viii. Die nuwe kerkgebou 260
ix. Verbouing van die Wierda-kerkgebou 261

6. Die ontwerp van 'n kerkgebou vir die oud-Gereformeerde Gemeente Emlichheim in die Graafskap Bentheim, 1882 262

i. Die stigting van 'n gemeente van die oud-Gereformeerde Kerk in Bentheim 263
ii. Ds. Henricus Beuker en die oprig=ting van 'n kerkgebou te Emlichheim 263

7. Die ontwerp van 'n kerkgebou, pastorie, konsistorie, „Militair Tehuis" en „Bovenwoning" vir die Christelijk Gereformeerde Gemeente 's-Hertogenbosch, 1886 267

i. Agtergrond en bougeskiedenis 267
ii. Die voorsiening van 'n „Militair Tehuis" deur die Christelijk Gereformeerde Gemeente te 's-Hertogenbosch 269

8. Sytze Wierda as ontwerper van kerkgeboue binne die raamwerk van sy tyd 272

9. Bronneverwysings en toeligtende voet=note 283

HOOFSTUK VIII VAN AMSTERDAM NA PRETORIA 293-356

1. Die Wierda-gesin in Amsterdam, 1870-1887 293

i. Woonplekke van die Wierda-gesin in Amsterdam 293
ii. Aktiwiteite van Sytze Wierda 294
iii. Harmke Tjibbeles Wierda-Kamp 295
iv. Sytze Wopkes Wierda 297
a. Persoonlike welstand 297
b. Uitnodiging na Amsterdam vir bywoning van die tentoonstel=ling, 1883 298

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

c. Besoeke aan Friesland en kontakte met die Friese familie 298
d. Belangstelling in die boerderybedrywighede van die familie in Friesland 300
e. Versoeningspoging na aanleiding van 'n familietwis 301
f. Bemoeienis met familie 301
g. Liefde vir sy moeder 301
h. Sy liefde vir ou en mooi dinge 301
i. Sy houding teenoor die dood en verganklikheid 302
j. „Drukke bezigheden" van die gesinshoof 302
k. Sy houding teenoor sy werk as opsigter en argitek 303
l. Lof van sy vrou en eer aan God 304

v. Die mooi gesinsverhouding 304
vi. Inskakeling by die gemeentelike aktiwiteite in Amsterdam 306
a. Sytze Wierda as kerkraadslid genomineer 307
b. Sytze Wierda genomineer vir die ouderlingskap 308
vii. Die publikasie van 'n boek deur Sytze Wierda in sy Amsterdamse tydperk 309

2. Die emigrasie van die Wierda-gesin na die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1887 311

i. Die tydelike aard van sy opsigtersbetrekking 312
ii. Aansoek om 'n betrekking van stadsargitek van Harlingen, 1874 314
iii. Aansoek om 'n regeringsbetrekking in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1882 316
a. Simpatie vir die stamgenote in die Zuid-Afrikaansche Republiek 316
b. Simpatiebetuiging deur Sytze Wierda 318
c. Sytze Wierda voeg die daad by die woord 318
iv. Die aandeel van H.T. Bührmann in Sytze Wierda se poging tot bekoming van 'n regeringsbetrekking in die Zuid-Afrikaansche Republiek 320
v. Die aanstelling van Sytze Wierda as „Gouvernements Ingenieur en Architect" 333
vi. Vertrek na Pretoria en die aanvaarding van sy nuwe betrekking 341

3. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 344

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

HOOFSTUK IX VERWYSING NA DIE BETEKENIS VAN SYTZE WIERDA VIR DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK 357-450

1. Die toestand ten opsigte van openbare werke in die Zuid-Afrikaansche Republiek ten tyde van die indienstreding van Sytze Wierda 357

i. Verkeersweë 357
ii. Brugbou 360
iii. Die voorsiening van regerings=geboue 362

2. Die personeel van die „Departement van Publieke Werken", 1887-1900 372

3. Die betekenis van Sytze Wopkes Wierda vir die Zuid-Afrikaansche Republiek 378

i. Die verbetering, aanleg en onder=houd van verkeersweë 378
ii. Die bou van brûe of „waterwerken" 389
iii. Die oprigting van tolle 399
iv. Die oprigting van regeringsgeboue 401
a. „Alledaagschheden" 402
b. Regeringsgeboue 403
c. „Gouvernementsgebouwen" 403
d. Johannesburgse regerings- en „gouvernementsgebouwen" 406
e. Regeringsgeboue in Pretoria 412
aa. „Leprozenhuis" 413
bb. Volkshospitaal 414
cc. Kranksinnigegestig 415
dd. Ontsmettingsgebou 415
ee. Staatsdrukkery 416
ff. Geboue vir onderwysdoelein=des 417
gg. Staatsmuseum 419
hh. Artilleriegeboue 419
ii. Paleis van Justisie 420
f. Die „Staatsgebouw" 422
v. „Werken van Bijzonderen Aard" 432

4. Oorsigtelik 434

5. Bronneverwysings en toeligtende voet=note 438-450

SAMEVATTING 451-454

SUMMARY 455-458

BRONNE 459-481